

11

DIE ROEPING VAN DIE DISSIPELS

Ons wil ook vir die Here werk

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders moet besef dat dit 'n voorreg is om vir die Here te werk.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die ouers en kinders moet weet –

- dat die Here elkeen van sy kinders gebruik om vir Hom te werk.
- om vir die Here te werk, beteken om vir almal te sê dat Jesus vir hulle lief is.
- om vir die Here te werk, beteken om vir Hom en vir mekaar lief te wees.

Gesindheid

Die ouers en kinders moet –

- graag meer van die Here wil leer.
- bereid wees om alle mense lief te hê en hulle van die Here te vertel.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- hul gehoorsaamheid aan hul ouers wys deur te doen wat hulle vra en sê.
- hul liefde vir ander wys deur vriendelik te wees en vir mense goed te wees.
- vir ander mense, ook hul eie gesinne, vertel hoe goed en lief die Here vir ons is.

MEER INLIGTING (Matteus 4: 18-22)

- Jesus het mense gekies om vir Hom te werk. Hy het hulle *dissipels* genoem.

- Jesus het heel eerste vier mans, Jakobus en sy broer Johannes asook Petrus en Andreas, geroep om vir Hom te kom werk.
- Jesus se woorde het hulle dadelik oortuig om hul gewone werk te los en Jesus te volg.
- Jesus het ook die twee seuns van Sebedeus, Jakobus en Johannes, geroep om saam met Hom te kom en vir Hom te kom werk.
- Die dissipels se werk was om vir ander mense van Jesus te vertel.
- Jesus gebruik ook elkeen van ons om vir Hom te werk.
- Wanneer Hy ons roep en ons wil gebruik, moet ons soos die dissipels dadelik bereid wees om te doen wat Hy vra. Ons moet –
 - gehoorsaam wees aan ons ouers deur te doen wat hulle vra en sê.
 - lief wees vir alle mense – ook ons gesin en familie.
 - vir alle mense vertel hoe goed die Here vir ons is en hoe lief Hy ons het.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Inligting oor die Bybelgenootskap.
- Inligting oor hoe ons Kerk Bybels versprei. (Vind by die predikant meer hieroor uit.)

KOM ONS BEGIN

Lees Matteus 4: 18-22 aan die groep voor en doen 'n gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Verneem by die kinders of hulle saam met hul ouers gaan kyk het na hul doopfoto's.
- Hoor by die ouers of hulle nog kan onthou wanneer hul kinders gedoop is.
- Laat hulle hul boeke wys waar hulle geteken of foto's geplak het.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra die ouers om met hul kinders oor die Skrifgedeelte te praat en dit aan hulle te probeer verduidelik.

Vertel hierna weer die verhaal van die roeping van die eerste dissipels deur gebruik te maak van die besonderhede by MEER INLIGTING.

IETS INTERESSANT

Deur Bybels te versprei en die mense van die Here te vertel, doen ons soos die dissipels gedoen het. Kry by die Bybelgenootskap of op die internet inligting en leesstof oor Bybelverspreiding of projekte wat hulle loods vir kinders. Deel dit uit en laat elke gesin kennis neem daarvan. As gesin kan hulle beplan hoe om 'n Bybel of Bybels te voorsien aan iemand anders, byvoorbeeld 'n maatjie wat nie 'n Bybel het nie of aan die huis- en tuinhulp. Hulle kan ook besluit om Bybels en ons kerklike tydskrifte soos *Konteks* met die

nodige toestemming by plekke soos 'n dokter se spreekkamer of die ingangsportaal van die hospitaal te plaas vir mense om te lees.

IETS BELANGRIK

Maak die gesinne bewus van dankoffers vir Bybelverspreiding en wat die Kerk se jaarlikse mikpunt is. (Vind dit betyds uit.) Noem ook aan hulle dat die Kerk elke jaar op die Sondag naaste aan 31 Oktober die deurkollekte oorbetaal aan die Bybelgenootskap vir Bybelverspreiding.

IETS OM TE DOEN

Laat die gesinne met mekaar gesels oor hoe hulle die boodskap van die les, naamlik dat die ouers en kinders moet besef dat dit 'n voorreg is om vir die Here te werk, aan die hele gemeente kan oordra.

- Hulle kan byvoorbeeld besluit om een Sondag boekmerkies uit te deel waarop die teksvers van Matteus 4: 19 staan.
- Hulle kan ook besluit om die verhaal van die roeping van die dissipels uit te beeld met prente en dit dan in die saal of voorportaal uit te stal.
- Hulle kan 'n artikel in die gemeenteblad of 'n uitdeeltuk skryf oor hoe kinders diensbaar kan wees in God se kerk.

BY DIE HUIS

- Besluit julle as gesin by die huis saam oor 'n aksie wat julle kan uitvoer en wat die boodskap is wat julle daardeur wil uitdra na ander mense. Julle kan byvoorbeeld besluit om op 'n spesifieke dag saam met die koster die kerk te kom help skoonmaak, die tuin te versorg of die kerk se vensters te was. Die bedoeling is dat gesinne sal besef om vir die Here te werk, beteken nie net dat elkeen die boodskap van die Bybel aan iemand moet gaan vertel nie. Ons kan ook iets vir die Here doen deur prakties betrokke te wees by die kerk se werk en onderhoud.
- Laat die kind die prentjies in sy of haar boek met die ouers bespreek. Laat die kind in die oop blok iets gaan teken wat wys hoe hulle prakties in die gemeente kan werk.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 543: 2 te sing of te lees. Verduidelik wat *vlytig* beteken (*om fluks of ywerig te wees – om baie graag iets vinnig vir iemand te doen*).

*O Verlosser, maak my sterk,
vlytig om vir U te werk;
laat my tog gehoorsaam bly.
altyd gaan waar U my lei.
O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.*